# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (14-18 September 2026)

---

### AFSKOP VRAAG
Watter goeie ding, waarvan net die Here, jy en die persoon wat dit vir jou gedoen het, het iemand vir jou gedoen? Hoe het dit jou laat voel?

### GEBED
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

### SKRIFLESING
Matteus 6:1-18; Kol 3:23

### GESPREKSVRAE
1. "Ons leef vir 'n gehoor van Een." Wat beteken hierdie frase prakties vir jou? (Kolossense 3:23)
2. Jesus waarsku teen die gevaar om goeie dinge om die verkeerde redes te doen. Hoe kan iets wat uiterlik indrukwekkend en godsdienstig is, vir Hom niksseggend wees?
3. Dink aan die woorde: "Jou linkerhand moet nie weet wat die regterhand doen nie." Wat beteken dit vir jou?
4. Wat leer jy uit die "ons Vader" oor gebed?
5. Jesus sê God weet reeds wat ons nodig het voordat ons vra. Waarom, dink jy, wil God dan steeds hê dat ons moet bid? Wat word deur gebed in ons verander?
6. Vas is bedoel om ons fokus op God te rig. Watter dinge kan vandag maklik ons aandag van God af wegtrek? Wat gaan jy prakties opsy sit sodat jy doelbewus nader aan God kan kom?
7. Doen ons nie soms steeds maar dinge ter wille van die applous van mense nie? Hoe kan ons ons eie motiewe eerlik ondersoek en ken?

### AFSLUITING
Die kernvraag is: "Dien ek God of probeer ek mense beïndruk?" As jy eerlik na jou lewe kyk – jou diens as die kerk, jou werk, jou verhoudings, jou gebedslewe en die goeie dinge wat jy doen, waar, dink jy, is daar die grootste versoeking om mense se goedkeuring te soek? Wat kan jou help om te bly fokus op God?